

# KWARTAAL 1

Week 1 en 2

## Hang 'n bordjie om jou nek

### Aktiwiteit 1: Takseer hom op sy T-hemp

Lees die onderstaande teks presies volgens die instruksies tussen hakies of speel die voorlesing op die CD vir die klas voor:

#### Takseer hom op sy T-hemp! (sê die titel hard en duidelik)

1. Net soos mense deesdae **selde** (beklemtoon) baadjies dra, geld die spreekwoord wat maan om iemand **nié** (hard, beklemtoon) op sy baadjie te takseer nie (beklemtoon), skynbaar ook nie meer nie.
2. Terwyl die immer-gewilde **T-hemp** (sê hard en stadig) op byna alle gebiede sy netjieser voorganger se plek ingeneem het, lyk dit of 'n mens deesdae maar iemand op sy T-hemp kan **takseer** ... (pouseer). En word die **nederige** (beklemtoon kontras) kledingstuk selfs as **magtige** (beklemtoon kontras) wapen in die **vryheid-van-spraak-sage** (sê afgemete en stadig) gebruik.
3. So maak 'n T-hemp deesdae 'n "**statement**" (maak twee aanhalingstekens met hande). As jy **sterk** (hard en duidelik) voel oor 'n saak, koop jy 'n T-hemp wat jou oortuiging aan **die hele wêreld uitbasuin** (stadig en afgemete). Die T-hemp-bedryf floreer deesdae en die handelaar **lag ha-ha-ha** (hard klanknabootsend) al die pad bank toe, want daar is telkens weer 'n ander gebeurtenis wat die mensdom gaande het en hulle na hul beursies laat gryp. Dink maar aan al die ondersteuners by **rugby, krieket en sokkerwedstryde** (hard en beklemtoon verskeidenheid). Jou kleredrag sê watter span jy ondersteun en almal kan dit maar sien: maak nie saak of jou span **wen** of **verloor** (beklemtoon kontras) nie, jy staan bankvas of **T-hempvas** (sê dit sterk) agter hulle.
4. Tieners dra graag T-hemde van 'n baie bekende handelsmerk. Dit het glo status en flair. Dié T-hemde lyk maar net **soos die gewone T-hemp** (sê sag om alledaagsheid te beklemtoon), maar **o wee** (sê dié tussenwerpsel met die nodige gevoel), as jy die prys daarvan **sien** ... (pouseer) besef jy dat dit beslis nie net 'n **gewone T-hemp is nie!** (roep uit).
5. Die spreekwoord sê "die vere maak die voël". 'n T-hemp maak **beslis** (harder) die mens.

Eerste twee paragrawe uit *Laevelder*, 25 Februarie 2003, bl. 10.

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat beteken die spreekwoord "moenie iemand op sy baadjie takseer nie"? (1)  
**Die spreekwoord "moenie iemand op sy baadjie takseer nie" beteken dat iemand nie op sy uiterlike beoordeel moet word nie. (1)**
2. Hoekom geld dié spreekwoord (volgens die luisterteks) nie meer nie? (1)

**Die spreekwoord geld nie, want 'n T-hemp verklap juis baie van 'n persoon. Deur sy T-hemp maak hy 'n standpunt en sodoende leer ons die persoon ken. (1)**

3. Lees weer paragraaf 2 aan die leerders voor. Watter enkele woord sê vir jou dat die T-hemp altyd gewild sal bly? (1)

**Immer-gewilde. (1)**

4. “En word die nederige kledingstuk selfs as magtige wapen in die vryheid-van-spraak-sage gebruik.”

- 4.1 Watter twee woorde vorm 'n kontras in bostaande sin? (1)

**Die woorde “nederige” en “magtige” vorm 'n kontras. (1)**

- 4.2 Wat is die “vryheid-van-spraak-sage” waarvan daar in hierdie sin sprake is? (1)

**Dit handel oor die mens se reg tot vryheid van spraak. Elke mens het die reg om (binne perke) te sê wat hy dink. (1)**

5. Hoe weet jy as luisteraar dat die woord *statement* eintlik 'n Engelse woord is? (1)

**Dit word stadig en duidelik gelees op die CD of die onderwyser het met sy hande aanhalingstekens gemaak. (1)**

6. Hoe sou dié woord geskryf word in 'n teks om aan te dui dat dit 'n Engelse woord is? (1)

**Dit kan óf kursief gedruk word, óf dit kan in aanhalingstekens geplaas word. (1)**

7. Lees die onderstaande sin hardop volgens die instruksies: As jy sterk (hard en duidelik) voel oor 'n saak, koop jy 'n T-hemp wat jou oortuiging aan die hele wêreld uitbasuin (stadig en afgemete).

- 7.1 Hoe word die woord “sterk” in die luisterteks beklemtoon? (1)

**Die woord “sterk” word beklemtoon deur dit harder te lees of deur dit te benadruk. (1)**

- 7.2 Wat bewerkstellig dit as die woorde “die hele wêreld uitbasuin” stadig en afgemete gelees word? (1)

**Dit dui op die uitgespreidheid oor die hele wêreld (álmal dit kan sien). (1)**

8. Skryf die klanknabootsende woorde wat in die luisterteks voorkom, neer. (1)

**“lag ha-ha-ha” (1)**

9. Wat beteken dit as 'n mens “...al die pad bank toe lag...” ? (1)

**As 'n mens “...al die pad bank toe lag...” beteken dat jy baie geld verdien het wat jy kan gaan deponeer. (1)**

10. Watter soort sportondersteuners word in die teks genoem? (1)

**Rugby, krieket en sokker. (1)**

11. Wat beteken dit om “T-hempvas” agter jou span te staan? (1)

**Dit beteken dat jy met jou kleredrag sal wys watter span jy ondersteun. (1)**

12. Waardeur word die spreker se ontnugtering oor die prys van T-hemde beklemtoon? (1)

**Deur die uitroep van die tussenwerpsel “o wee”. (1)**

13. Dink jy die spreekwoord “die vere maak die voël” is geldig? Motiveer jou antwoord. (1)

**Leerders se eie antwoorde. Dit moet net goed gemotiveer word. (1)**

[15]

## Aktiwiteit 2: Soorte tekste

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat suggereer die woord *handtekening* in die titel?  
**Dat 'n T-hemp eie aan die persoon is en waardeur hy iets van homself verklap.**
2. Die skrywer neem sterk standpunt in oor die bevinding van die konstitusionele hof.
  - 2.1 Watter standpunt huldig hy?  
**Hy is bly dat die LiO die hofspraak gewen het. Hy glo dus in vryheid van spraak. Dié maatskappy kan dus voortgaan om T-hemde te vervaardig waarop 'n eie mening gelug word.**
  - 2.2 Hoe word die skrywer se gevoel oor dié saak uitgehef?  
**Voorplasing van die woord “gans verheug” in die sin en eerste woorde van die teks.**
  - 2.3 Wat is 'n konstitusionele hof?  
**Dit is 'n hof wat uitsprake lewer oor grondwetlike sake.**
3. Leerders bestudeer paragraaf 2 noukeurig.
  - 3.1 Wat is die strekking (skryfstyl) van paragraaf 2? Hoe sluit die inhoud by dié styl aan?  
**Humoristies. Die inhoud is humoristies en die styl sluit hierby aan. Die gebruik van die woorde *Prosit! Cheers!* ensovoorts, sluit direk hierby aan.**
  - 3.2 Waarom is dit ironies dat die oorwinning juis met “'n skuimkop wat jy met een koel lang teug” weggeslaan word?  
**Dit is ironies dat hulle juis bier drink, want die SA Brouerye het die hofgeding verloor.**
4. Waarop het die hofbevindings ook onbewustelik die aandag gevestig?  
**Die mens het die reg om sy sê te sê en gebruik T-hemde as universele kultuuruiting.**
5. Leerders verduidelik wat bedoel word met die woorde “wat eendag in die verre toekoms deur ons nakomelinge as 'n soort *Rosettasteen* ‘gelees’ sal word”.  
**Die Rosettasteen, wat in 1799 deur Pierre-François Bouchard in Rosetta (Egipte) ontdek is, het verskeie vertalings bevat wat wetenskaplikes gehelp het om ou hiërogliewe te ontsyfer. Dit het dus 'n metafoor geword van iets wat die sleutel tot ontsyfering, vertaling en die oplossing van 'n moeilike probleem verskaf. In die verre toekoms gaan mense na die slagspreuke van hedendaagse T-hemde kyk om te bepaal hoe ons geleef het.**
6. Leerders slaan die betekenis van die woord *ontwar* (paragraaf 3) na.  
**Die woord *ontwar* (paragraaf 3) beteken om iets wat ingewikkeld is, duidelik en helder te maak.**
7. Leerders bestudeer paragraaf 4 met aandag.
  - 7.1 Is hierdie paragraaf aaneenskakelend, teenstellend of redegewend? Motiveer.  
**Dit is redegewend. Die rede volg na die voegwoord *want*.**
  - 7.2 Wat word bereik deur die gebruik van die verkleining?  
**Dit is eintlik 'n nietige kledingstukkie wat so belangrik geag word. Die spreker se bewondering word daardeur te kenne gegee.**

7.3 Hoe word die beskrywing van dié kledingstukkie klankmatig uitgehef?

**Deur die herhaalde gebruik van die l-klank in “lieflike, lyflike”.**

8. Leerders haal ’n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as ...

8.1 ’n delikate manier waarop tekstiedrade kruis en dwars inmekaar gevleg is

**Fyngeweefde**

8.2 onbehoorlik, nie netjies nie

**Onfatsoenlik**

9. Leerders bestudeer “ribbelende rebellerende spier te ontbloot” (paragraaf 7) noukeurig.

9.1 Watter stylmiddelle is aangewend om dié besondere klankeffek te bewerkstellig?

**Herhaling van die r- en b- en l-klanke (allitererende r-klank).**

**Assonerende i-klank (ri**bb**elende reb**ll**erende)**

9.2 Leerders gee die betekenis van die woord *ribbelende* en verduidelik waarom dit ’n goeie woordkeuse is.

**Kabbeling, welwing, rimpel, kabbels maak (byvoorbeeld op water). Dit is ’n goeie woordkeuse want die bultende spiere op sy maag lyk soos die kabbels op die water.**

10. Paragraaf 9 is van toepassing. Waarom word die voegwoord *maar* gebruik om dié paragraaf mee te begin?

**Dit dui die teenstelling aan en vestig die aandag daarop dat dit staan teenoor die T-hemde van vandag waarop daar meestal geskryf is.**

11. Wat beteken dit as daar in paragraaf 10 na ’n *talige* T-hemp verwys word?

**Dit wys daarop dat daar woorde op die T-hemp is (dus is taal gebruik).**

12. Leerders verduidelik wat met die woordspeling in “T-vuurtjie” bedoel word.

**Die T-hemp het die mode-vuur aan die brand gesteeek.**

13. Waarteen het die jeug tydens die destydse Woodstock-fees in opstand gekom? Leerders verduidelik in hul eie woorde.

**Hulle was in opstand teen die ouer geslag (’n groep mense wat invloed en gesag in ’n gemeenskap het en gesien is as gekant teen verandering).**

14. Wat beteken die woord *felste* (paragraaf 12)?

**Skerpste.**

15. Leerders bestudeer die woorde “menslike, lyflike ‘reklamebord’ die lig gesien met die biermaatskappy (!) Budweiser voor in die ry...” (paragraaf 12).

15.1 Leerders verduidelik wat met *menslike, lyflike “reklamebord”* bedoel word.

**Die T-hemp wat die mens aan sy lyf dra, is nou ’n manier om ’n produk te adverteer – dus ’n reklamebord.**

15.2 Waarom word die woord “reklamebord” in aanhalingstekens geskryf? Watter woord in paragraaf 14 hou direk hiermee verband? Verduidelik.

**Dit word buite konteks gebruik. ’n Mens se lyf is nie regtig ’n reklamebord nie. Dit verwys direk na die woord T-reklame in paragraaf 14.**

15.3 Waarom word die uitroepeteken tussen hakies geplaas en waarna verwys dit?

Dit maak die leser daarop attent dat dit juis ironies 'n biermaatskappy is. Dit verwys na SA Brouerye wat vroeër in die teks genoem is.

Aktiwiteit 3: Studie van die letterkunde – gedigte

#### Aktiwiteit 4: Hoe lyk jou spelvermoë?

##### *Vrae en voorgestelde antwoorde*

1. Ons moet **onself** doelbewus daaraan **herinner** om nie 'n bordjie van vooroordeel om iemand se nek te hang net omdat die persoon anders dink as ons nie. (2)
2. 'n Mens sal altyd 'n sug van verligting **slaak** as jy weet dat jy onvoorwaardelik deur ander aanvaar word. Sy is **kwansuis** iemand met integriteit, maar sy beskinder almal waar sy kom. (2)
3. Die man wat daar met die **kruk** loop, is **mnr. De Beer**. (3)
4. Dit is nie maklik om op 'n dieet (reg so) te gaan nie. 'n Mens se eetgewoontes word **beïnvloed** deur dit wat 'n mens van kindsbeen af leer. (1)
5. Die oumatjie het tieners in twee **kombi's** sien verbyjaag en het dadelik die **pa's** geskakel om dié jaagduiwels agterna te sit. (2)

[10]

Aktiwiteit 5: My eie spellys

#### Aktiwiteit 6: Watter bordjie hang om jou nek ... 'n man 'n vrou 'n kind?

##### *Vrae en voorgestelde antwoorde*

1. Leerders bestudeer die illustrasie noukeurig.
  - 1.1 Vergelyk die man en vrou se uitbeelding met mekaar. Wat word daardeur te kenne gegee? Verduidelik volledig.

**Die man word passief uitgebeeld en die vrou aktief. Sy is met 'n verskeidenheid take tegelyk besig: stofsuig, kyk na baba, gesels oor telefoon, luister musiek ... Die man sit slegs en koerant lees. Hierdie oordrewe uitbeelding vestig die aandag op die kontras tussen die man en die vrou.**
  - 1.2 Leerders beskryf die man se gesigsuitdrukking met een enkele woord.

**Leerders moet sy gesigsuitdrukking in slegs één woord beskryf: onbetrokke, verveeld, ensovoorts.**
2. Hoe word die verskille tussen mans en vroue reeds in die titel uitgewys?

**Die beklemtoning van die woorde hý en sý dui op die kontras.**
3. Allan Pease kom van Australië af, hy is dus 'n... **Australiër**.
4. Leerders gee die meervoude van die volgende woorde. Hulle moet veral al op die spelwyse let.
  - 4.1 wasbak (paragraaf 10) – **wasbakke**
  - 4.2 video (paragraaf 13) – **video's**
5. Leerders gee die intensiewe vorme van die volgende woorde tussen hakies:
  - 5.1 Die man het (vinnig) (paragraaf 4) van die toneel weggejaag. **Blitsvinnig**.

- 5.2 'n Man raak (doof) (paragraaf 9) as hy koerant lees. **Stokdoof.**
6. Die rede vir die gebruik van die koppelteken in die woorde *kombuis- of koelkas* (paragraaf 5) is om aan te dui dat die woord *kas* uitgelaat is. Leerders gee die rede vir die gebruik van die koppelteken in die volgende woorde:
- 6.1 Senu-ineenstorting. **Opeenvolging van klinkers**
- 6.2 In camera-bespreking. **Koppeling met 'n woord van vreemde herkoms**
- 6.3 V-hals. **Koppeling met syfers, simbool of afkortings**
- 6.4 Mond-tot-mond- asemhaling. **Gekoppelde bepaling**
7. Gee die verkleining van die volgende woorde tussen hakies:
- 7.1 Die man met die klein (**ogies**) soek vergeefs na die boontjies op die rak.
- 7.2 Die vroujie sukkel om teen die klein (**paadjie**) wat teen die berg op kronkel, te ry.
8. Leerders gee die korrekte vorm van die woord *visie* (paragraaf 5) in die volgende sin: Mans is meer (**visueel**) ingestel as vroue alhoewel hulle gewoonlik net na een ding op 'n slag kyk.
9. Leerders gee die korrekte vorm van die woord *sien* (paragraaf 5) in die volgende sin: Die vroujie was (**siende**) blind, want sy het glad nie die motor sien aankom nie.
10. Leerders skryf die volgende woorde oor en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra: tele**foon** (paragraaf 7); elek**tron**iese (paragraaf 8).
11. Leerders maak twee sinne met die woord *ontwerp* (paragraaf 8) om die verskillende betekenis van dié woord aan te dui. Tot watter woordsoort behoort dié woord in elk van die gevalle?

**Voorbeeld-antwoorde:**

**Die ontwerp van die T-hemp was baie oorspronklik. ("ontwerp" as selfstandige naamwoord gebruik)**

**Hy ontwerp 'n treffende komiese T-hemp. ("ontwerp" as 'n werkwoord gebruik)**

12. Die woord *lê* (paragraaf 7) is van toepassing. Leerders gee die korrekte vorm van dié woord tussen hakies: Hy smul lekker aan die (**ingelegde**) vrugte.
13. Wat beteken die voorvoegsel "oer-" in die woord *oertyd* (paragraaf 9)? Die voegsel "oer-" beteken **baie oud**.
14. Watter betekenisverskil sal dit teweegbring as die woord *luister* (paragraaf 10) as "lyster" gespél word?  
**'n Lyster is 'n soort voëltjie.**
15. Watter betekenisverskil sal dit teweegbring as die woord *weier* (paragraaf 11) as "wyer" gespél word?  
**Die woord wyer is die vergrotende trap van wyd wat ruim, breed, na alle kante toe beteken.**

Aktiwiteit 7: Die vriendskaplike brief

## Om struikelblokke te oorkom

Aktiwiteit 8: Oortuig ander van jou standpunt

### Aktiwiteit 9: Veilig saam met Jade – 'n lees-, kyk- en geïntegreerde taaloefening

#### *Vrae en voorgestelde antwoorde*

1. Kan die leser in die prelees-fase aflei waarom die leesstuk gaan deur slegs die titel te lees?  
**Nee. As slegs die titel gelees word, sal die leser nie weet waarom die teks handel nie, want dit is onduidelik wie Jade is.**
2. Hoe dra die illustrasie en die subopskrif by om in die prelees-fase die leser in te lig waarom die teks gaan?  
**Die leser kan uit die illustrasie en subopskrif aflei wat in die teks staan. Dit werp lig op die titel.**
3. Bestudeer die eerste paragraaf noukeurig.
  - 3.1 Hoe is dubbeld seker gemaak dat Marga nie kan sien nie?  
**Sy het haar oë toegeknypt en sy is geblinddoek.**
  - 3.2 Watter woorde dui aan dat die meisie en die hond orals rond gestap het?  
**Kruis en dwars.**
  - 3.3 Watter enkele woord in hierdie paragraaf sluit daarby aan?  
**Dwarsdeur.**
  - 3.4 Haal twee woorde aan wat aandui dat daar baie mense in die omtrek was.  
**Besige, bedrywige.**
4. “Met toegeknyppte oë...” (paragraaf 1) verwys.
  - 4.1 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies: Ek het my oë gereeld (geknypt) om te verseker dat dit vogtig bly.  
**Geknip.**
  - 4.2 Skryf die verkleining van die woord oë neer.  
**Ogies.**
5. Sy het *kruis en dwars* (paragraaf 1) met die hond gestap. Gee 'n idioom wat beteken om iemand oral rond te stuur.  
**Van bakboord na stuurboord te stuur.**
6. Watter natuurlike reaksie is daar by die mens as jy geblinddoek word?  
**'n Mens loop voel-voel en skuifel-skuifel.**
7. Hoe laat weet 'n gidshond die blinde as daar by 'n trappie óp geloop word?  
**Hy laat weet nie die blinde nie. Die blinde voel die leihandvatstel oplig en moet dan hoog trap.**
8. Die woord *danksy* (paragraaf 2) beteken *te danke aan*. Kies die korrekte een tussen hakies: Dit is (te danke / **te wyte**) aan my eie luiheid dat ek nou in tamatiestraat sit.

9. Gee 'n ander woord wat min of meer dieselfde beteken as die woord *flous* (paragraaf 3).  
**Kul, kierang, fop.**
10. Bestudeer die gebruik van die hakies in paragraaf 8.
- 10.1 Wat is die funksie van die gebruik van die hakies in die laaste sin?  
**Dit is 'n verduideliking waarom die woord *forward* gebruik word.**
- 10.2 Waarom is die gebruik van die hakies hier eintlik ironies en onnodig?  
**Die woorde *sê tussen hakies* en *dan word dit boonop tussen hakies geplaas*.**
11. Gee die teenoorgestelde betekenis van die vetgedrukte woord: Die ***allermoeilikste*** (paragraaf 5) was om die hond volkome te vertrou.  
**Allermaklikste.**
12. Die woord *sentrum* (paragraaf 8) het twee meervoude. Skryf albei neer.  
**Sentrums; sentra.**
13. Die woord *stokblind* is die intensiewe vorm van *blind*. Wat is die intensiewe vorm van die woord *vinniger* (paragraaf 5)?  
**Blitsvinnig.**
14. Bestudeer paragraaf 11 noukeurig.
- 14.1 Watter suggestie lê in hierdie paragraaf opgesluit?  
**Sy suggereer dat die publiek teen blindes stamp en nie respek vir diesulkes het nie.**
- 14.2 Verduidelik wat die skrywer wil bereik deur die manier waarop sy (*ge*)*blind*(*doek*) geskryf het.  
**Sy wil aandui dat sy sonder sig (blind) is, maar slegs deurdat sy geblinddoek is. Hierdie is woordspeling.**
15. Paragraaf 14 het betrekking. Wie bewonder die skrywer?  
**Sy bewonder die gidshonde, maar ook die blindes.**

## **Aktiwiteit 10: Kuberkuns – 'n lees-, kyk- en geïntegreerde taaloefening**

### ***Vrae en voorgestelde antwoorde***

1. Leerders bestudeer die foto's met aandag. Watter soorte gestremdhede word hierin uitgebeeld?  
**Leerders dui aan watter soort gestremdhede in die foto's voorkom.**
2. Skryf ander soorte gestremdhede neer wat nie op die foto uitgebeeld word nie.  
**Leerders skryf ander gestremdhede neer wat nie op die foto aangedui word nie.**
3. Hoeveel gestremdes is daar in Suid-Afrika? Watter leestegniek het jy gebruik om hierdie inligting te bekom?  
**Sowat 4 miljoen. Soeklees.**
4. Die woord *wêreld* (paragraaf 1) word met 'n kappie gespel om die lang klank aan te dui. Leerders skryf die volgende woorde oor en plaas die kappie op die korrekte letter waar nodig.
- 4.1 Ek het die inligting in die betrokke (*lê*r) geplaas.



- 4.2 Die (**miljoenêr**) het die fondsinsamelingsprojek (**geboikot – geen kappie**) en het geweier om enige borgskap toe te staan. Die geld word wanbestee en die projek se geldsake is 'n deurmekaar (**affêre**).
- 4.3 'n Mens moet (**brûe**) bou, nie afbreek nie.
5. *Suid-Afrika* (paragraaf 1) word met 'n koppelteken gespeld omdat dit 'n geografiese naam is. Leerders skryf die volgende paragraaf oor en plaas koppelteke op die korrekte plekke.
- Die kinders van 'n tehuis vir gestremdes het vir 'n landbouprojek **pronk-ertjies** naby die **bo-sluis** geplant. Hulle het 'n **doen-dit-self-handleiding** gebruik en daarvolgens die blomme water en blaarvoeding gegee. Die pragtige blomme is aan 'n **kleinsakeonderneming** (geen koppelteke nie) wat snyblomme versprei, gelewer.
6. Waarvoor staan die afkorting *WNNR* (paragraaf 2)?
- Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad.**
7. Bestudeer die gebruik van die hoofletters in paragraaf 2 noukeurig. Skryf die volgende sin oor en verbeter ten opsigte van hooflettergebruik.
- Die program is ook deur **prof. Van der Walt** ondersteun.
8. Bestudeer die volgende: "...wat verlede jaar begin het, is daarop gemik om gestremdes se ontwikkeling..." (paragraaf 3). Leerders gee die rede vir die gebruik van die komma.
- Die komma word gebruik tussen twee gesegdes.**
9. Leerders gee die teenoorgestelde betekenis van die woord "bevorder" (paragraaf 3).
- Vertraag of rem.**
10. In hoeveel tale is hierdie program beskikbaar? Verduidelik.
- In 12 tale: die 11 landstale plus gebaretaal. Daar sal dus op die rekenaarprogram 'n persoon wees wat in gebaretaal verduidelik hoe dit werk.**
11. Op watter twee aspekte wat vir gestremdes tot voordeel gaan wees, gaan hierdie program fokus?
- Ontwikkeling en onafhanklikheid.**
12. Waarop dui *gesiggestremdheid* (paragraaf 5)?
- Blindheid.**
13. Die woord *blinde* (paragraaf 5) is van toepassing. Vorm 'n bywoord van dié woord in die volgende sin: Hy het haar (**blindelings**) gevolg.
14. Leerders gee die afkorting vir *Maatskappy* (paragraaf 6). **Mpy.** of **My.**
15. Wat is 'n *kwadrupleeg* (paragraaf 8)? En wat is 'n *parapleeg*?
- 'n Kwadrupleeg is 'n persoon van wie al vier ledemate verlam is.**
- 'n Parapleeg is 'n persoon wat óf sy twee arms óf sy twee bene verloor het.**
16. Leerders gee die verkleining van die woord *bewegings* (paragraaf 8).
- Beweginkies.**
17. "Die elektroniese toestel verbreed sý wêreld." (paragraaf 8). Leerders skryf dié sin oor en beklemtoon die woord *verbreed*.
- "Die elektroniese toestel **verbréed** sy wêreld."
18. Leerders bestudeer die volgende twee paragrawe:

Die rekenaarprogram bevat verder inligting oor gesondheid, onderwys, sport, vervoer en toerisme wat gemik is op gestremdes (paragraaf 9).

Me. Hina Patel, projekteur van die stelsel, het gesê dit sal binne die volgende jaar landwyd versprei word (paragraaf 10).

18.1 Wat is die rede vir die gebruik van die kommas in paragraaf 9?

**Kommas word gebruik by 'n reeks selfstandige naamwoorde.**

18.2 Wat is die rede vir die gebruik van die kommas in paragraaf 10?

**Kommas word gebruik voor en na 'n bystelling.**

18.3 Waarvoor staan die afkorting *Me.* (paragraaf 10)?

**Titel vir 'n vroulike persoon**

18.4 Leerders gee die korrekte vorm van die woord *gesê* (paragraaf 10) in die volgende sin: Die (**gesegde**) lui dat daar waar 'n wil is, is 'n weg.

Aktiwiteit 11: Studie van die letterkunde – roman

Aktiwiteit 12: Horende doof

## Week 5 en 6

# Hoe voel dit?

### Aktiwiteit 13: Hoe voel dit ...

*Vrae en voorgestelde antwoorde (slegs ter aanvulling)*

1. Wat is die funksie van die ellips in die titel?

**Die ellips dui daarop dat daar telkens 'n ander voorstelling van “hoe voel dit” gaan wees. Daar gaan telkens 'n ander vraag gestel word.**

2. Watter woord is volgens jou die belangrikste woord in die titel? Motiveer jou antwoord.

**Die woord “voel” is die belangrikste woord in die titel. Die leser moet hom- of haarself in die plek van die karakter in die uitbeelding stel en probeer indink juis hoe dié persoon vóél.**

3. Wat word bereik met dié baie vrae wat gestel is?

**Betrek die leser en maak hom betrokke.**

4. Op watter wyse word die aandag op die gebreke van die karakters wat uitgebeeld word, gevestig?

**Deur die oordrewe uitbeelding (karikatuur) daarvan.**

5. Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing uit die illustrasie aan. Watter klank word nageboots?

**Tjomp, tjomp. Die kougelluide word nageboots.**

6. Bestudeer die outjie in die rystoel. Waarom het hy 'n glimlag op sy gesig?

**Hy het nie bene nie, maar sien dat die jongman langs hom 'n kunsbeen (houtbeen!) het wat dalk ook vir hom 'n uitkoms kan bied.**

7. Op watter wyse word die aandag op die lang man gevestig? Verduidelik.

**Hy is so lank dat sy gesig nie in die uitbeelding (prentjie) is nie. Daardeur word die aandag op sy lengte gevestig.**

8. Watter kontraste bestaan daar?

**Lank teenoor kort; maer teenoor vet; gesond teenoor gestremd.**

### Aktiwiteit 14: Hoe voel dit... om baie baie lank te wees?

Lees die onderstaande teks presies volgens die instruksies tussen hakies of speel die voorlesing op die CD vir die klas voor:

#### **Hoe voel dit... om baie baie lank te wees?**

**Hierdie vraag is aan die hemelbesem Shawn Bradley (31 jaar oud) wat 2,29 m lank is, gevra.**

1. Dis hoe my dag begin - ek staan op en as ek badkamer toe gaan, moet ek **koes** (met nadruk om die herhaalde gebruik van dié woord te beklemtoon) om by die **eerste** (hard en duidelik) deur in te kom. Ek moet **koes** (met nadruk) as ek in my klerekas kyk. Ek moet hurk as ek myself in die spieël in my kamer wil sien. Ek moet **koes** (met nadruk) vir die stortkop. Die stortkop tref my in die middel van my borskas. Ek pas nie in die bad

- nie - ek moet gaan swem as ek my hele lyf met water wil bedek. Ek het 'n bepaalde manier om in 'n motor te klim - ek **glip** (*lees dié woord omtrent letter vir letter om die regte effek van "inglip" te kry*) eers my regterknie om die stuurwiel en dan skuif ek in.
2. Ek onthou 'n keer op hoërskool toe ons in die teenstanders se kleedkamer was. Ek kon bo-oor al die sluitkaste sien en dit was **afskuwelik** (*hard en duidelik*) - dit was vol stof en ek kon leë bottels en kledingstukke sien wat daar gelaat en vergeet is. My basketbal-afripter, wat so 1,93 m lank is, het op een van die banke gestaan sodat hy my in die oë kon kyk. Toe sê hy: "Jy leef in 'n **vreeslike, vieslike, vuil** (*lees stadig en beklemtoon die v-klanke*) wêreld, nè?" En ek het gesê: "Ja, dis vol stof en vuil." Selfs by mense se huise as ek moet **koes** (*benadruk*) om by die deur in te kom, is daar stof op die belysting. Bo-op yskaste is dit nooit skoon nie.
  3. As kind was ek die spreekwoordelike **paal wat bo die water** (*harder om die spreekwoord te beklemtoon*) uitgesteek het. As iemand my ouers gesoek het, het hulle net gekyk waar ek **kop en skouers** (*harder om die spreekwoord te beklemtoon*) bo die ander uitgetroon het ... (*pouseer*). Ek is nooit misgekyk nie. Almal het altyd geweet waar ek was. "Sien jou by Shawn," sou hulle sê.
  4. Ek was nooit korter as enigiemand van my ouderdom nie. In graad 3 het hulle my laat speel met kinders in graad 6 omdat ons ewe groot (eintlik lank!) was. Ons was **emosioneel en intellektueel** (*stadig en afgemete*) glad nie op dieselfde vlak nie.
  5. Omtrent alles wat ek dra, moet spesiaal gemaak word. Ek dra 'n nommer 17-skoen. Ek kan glad nie in 'n skoenwinkel instap en skoene koop nie. Dit moet altyd **spesiaal** (*harder*) vir my bestel word. Dieselfde geld vir al my ander klere.
  6. Ek moes **spesiaal** (*harder*) vir my 'n slaapsak laat maak het. Ek het grootgeword met my voete wat altyd oor die bed hang, maar nou het ek vir my 'n bed laat maak wat 2,75m lank is. **Nou is die lakens en komberse weer te klein en die bed staan die hele kamer vol** (*sagter sodat moedeloosheid daaruit blyk*).
  7. Die enigste voordeel van my lengte is dat ek vir my vrou (wat 1,6m lank is) goedere uit die boonste rak van 'n kas kan haal.
  8. Ek het nog nooit iemand ontmoet wat langer as ek is nie. **Maar ek droom daarvan** (*lees met verlange*).

Verwerk uit *Huisgenoot*, 18 Desember 2003, bl. 36.

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Met watter idiomatiese benaming word Shawn Bradley aanvanklik beskryf? (1)  
**Hemelbesem** (1)
2. Watter woord dui daarop dat Shawn sy kop herhaaldelik moet buig in sy oggendroetine? Noem twee middele wat aangewend word om dié woord uit te hef? (2)  
**Koes. (1) Die woord word herhaal (½) en benadruk (½).** (2)
3. Hoekom is Shawn se belewenis van die kleedkamer anders as die van sy spanmaats? Motiveer. (1)

- Hy kan bo-op die kaste sien hoe afskuwelik vuil dit is. Hy sien waar die ander nie kan sien nie. (1)**
4. Die afrigter se woorde aan Shawn is van toepassing.
- 4.1 Benoem die stylmiddel wat die vuil wêreld waarin hy leef, uithef. (1)
- Allitererende v-klank (1)**
- 4.2 Watter tempo word deur die gebruik van dié stylmiddel bewerkstellig? Motiveer. (2)
- Stadige tempo. (1) Herhaling van die stadige (frikatiewe) v-klank. (1) (2)**
5. Gee die betekenis van die spreekwoord “om soos ’n paal bo water” te staan. (1)
- Om duidelik sigbaar te wees (1)**
6. Word die woorde “kop en skouers” letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik. (1)
- Letterlik. Hy staan letterlik bo almal uit. Figuurlik gesproke sou dit beteken dat hy uitblink. (1)**
7. Wat beteken dit om emosioneel en intellektueel glad nie op dieselfde vlak te wees nie? (1)
- Shawn was maar ’n klein seuntjie teenoor die ander. Sy emosies was nie op dieselfde vlak as sy maats nie en hy was ook nie op dieselfde verstandelike peil nie. (1)**
8. Watter enkele woord dui daarop dat sy klere en skoene nie net maar die gewone was nie? (1)
- Spesiaal (1)**
9. Noem twee voordele verbonde aan Shawn se lengte. (1)
- Hy is ’n goeie basketbalspeler. (½) Hy kan goed uit ’n boonste kas haal vir sy vrou. (½) (1)**
10. Verwoord Shawn se droom in jou eie woorde. (1)
- Shawn het gedroom om eendag iemand te ontmoet wat langer as hy is. (1)**
11. Uit watter oogpunt word hierdie verhaal vertel? Watter voordeel hou dié soort vertelling in? (2)
- Dit word uit die eerste persoon vertel. (1) Die soort vertelling is die beste om eie belewing en emosies te verwoord. (1) (2)**

[15]

## **Aktiwiteit 15: Blitsige woorde – ’n lees, kyk en geïntegreerde taaloefening**

### ***Vrae en voorgestelde antwoorde***

1. Bestudeer die illustrasie. Waaruit lei jy af dat die man vinnig praat?
- Die drie monde waarmee hy praat, dui daarop. Die bla-bla-bla aan albei kante van die kop dui daarop. Die “asem” wat tussen die woorde aangedui word, dui op die asemskep tussen sinne en dui ook op die spoed waarmee hy praat. Die sweetdruppels (en spoeg!) wat spat ondersteun hierdie gedagte.**
2. Bestudeer die titel noukeurig.
- 2.1 Watter kontras kom daar in die titel voor?
- Die woorde *oud* en *nuwe* vorm ’n kontras.**
- 2.2 Haal ’n emotiewe woord in die titel aan en vervang dit met ’n meer neutrale woord.

**Die woord *blits* is 'n emotiewe woord. Dit kan met die woord *ryg* / *sê* vervang word.**

3. Waarna verwys “fast forward” in die eerste paragraaf en waarom word dit in aanhalingstekens geskryf?

**Dit verwys na die speel van musiek of video waar 'n mens 'n knoppie kan druk om vinnig vorentoe te beweeg en sodoende groot dele uitsny. Die beelde beweeg baie vinnig oor die skerm. Hier verwys dit na die man wat die woorde so vinnig sê dat dit voorkom asof dit in hierdie vinnige aksie plaasvind. Die gebruik van Engelse woorde word in aanhalingstekens geplaas.**

4. Wat is die verband tussen paragraaf 1 en 2?

**In paragraaf 1 word die stelling gemaak en in paragraaf word hierdie vreemde stelling verduidelik.**

5. Skryf die eerste deel van die sin in paragraaf 2 oor en beklemtoon die woord *hoor* in plaas van die woord *Dít*.

**Dit is wat toeskouers sal *hóór* wanneer...**

6. Skryf 23 s in woorde uit.

**Drie en twintig sekondes.**

7. Gee die redes vir die gebruik van die kommas in die volgende sinne:

7.1 “... opgestel toe 'n Kanadees, mnr. Sean Shannon,” (paragraaf 5).

**Voor en na 'n bystelling.**

7.2 “Ek het klaar vlinders in my maag, maar solank ...” (paragraaf 13).

**Voor die voegwoord *maar*.**

7.3 “... hulle uit my mond bly, is ek oukei!” (paragraaf 13).

**Tussen twee gesegdes.**

8. Wat is 'n *monoloog* (paragraaf 5)?

**Alleenspraak.**

9. “Hy het sy skoolloopbaan voltooi sonder om 'n enkele praatjie of mondelinge voorlegging te doen.” (paragraaf 6).

9.1 Skryf bostaande oor in Steyn se direkte woorde.

**Steyn sê: “Ek het my skoolloopbaan voltooi sonder om 'n enkele praatjie of mondelinge voorlegging te doen.”**

9.2 Waarom word *skoolloopbaan* met twee l'e gespel?

**Dit is 'n samestelling waarvan die eerste basis op 'n l eindig en die tweede met 'n l begin.**

9.3 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies: Na die (voltooi) van sy skoolloopbaan, het hy iets aan sy gehakkel begin doen.

**Voltooiing.**

10. Gee die teenoorgestelde betekenis van die woord *introvert* (paragraaf 6).

**Ekstrovert.**

11. Watter enkele woord in paragraaf 8 dui daarop dat hy sy hakkelry nog nie heeltemal oorwin het nie?

### **Feitlik.**

12. Wat is die rede vir die gebruik van die koppelteken in *asemhalings-, mond- en tongoefeninge* (paragraaf 10)?

**Die woord “oefening” is uitgelaat. Dit is vervang deur ’n koppelteken.**

13. Gee die meervoud van die woord monoloog (paragraaf 11).

### **Monoloë.**

14. Word die woorde *vlinders in my maag* (paragraaf 13) letterlik (denotatief) of figuurlik (konnotatief) gebruik? Verduidelik.

**Dit word hier figuurlik gebruik. Die senuwees wat knaag, gee ’n hol kol op die maag wat voel soos vlinders in die maag**

15. Gee die verkleining van die woord *rekordpoging* (paragraaf 13).

### **Rekordpoginkie.**

## **Aktiwiteit 16: Groter is beter**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

#### *Strokie 1*

1. Bestudeer raampie 1 en 2 noukeurig.

1.1 Beskryf die seun wat die meeste praat se gesigsuitdrukking in ’n enkele sin.

**Hy is baie verbaas en kan nie glo wat hy sien nie.**

1.2 Watter enkele woord in die eerste raampie kan gebruik word om die seun se gesigsuitdrukking te beskryf?

**Verstom.**

1.3 Die woord *Haai* is ’n tussenwerpsel. Watter gevoel word daardeur te kenne gegee?

**Verbasing of verwondering.**

1.4 Wat is die rede vir die gebruik van die tweede komma in hierdie sin?

**Voor die voegwoord *maar* kom ’n komma.**

1.5 Hoe word die aandag gevestig op sy skoene?

**Dit is abnormaal groot geteken. Die jong man staar daarna.**

1.6 Gee die korrekte vorm van die woord *snaaks* (raampie 1) in die volgende sin: Die jong man met die groot voete is snaaks, maar die ou met die klein voetjies is die (**snaaksste**).

2. Die woord *grotesk* (raampie 2) het ’n meerduidende betekenis. Slaan dit na en skryf dit neer.

**Fantasties van vorm, grillig, vreemd, wonderlik. Dit beteken ook lagwekkend, koddig, buitensporig, oordrewe.**

3. Gee die korrekte vorm van die woord *groot* (raampie 2) in die volgende sin:

Die ou (**grote**) dra die (**grootste**) skoen van almal. Sy (**grootte**) is ’n nommer 17 skoen.

4. Gee ’n gepaste sinoniem vir die woord *yslik* (raampie 2). **Massief.**

5. Die woord *besluit* word in raampie 3 gebruik. Vorm deur middel van klinkerwisseling die korrekte woord in die volgende sin: Hy was (**vasbeslote**) om teen die skoenvervaardigers te rebelleer.
6. Gee die stellende en oortreffende trap van die woord *beter* (raampie 3) in die volgende sin: Die een skoenvervaardiger was (**goed**), maar die ander een was die (**beste**).
7. Vorm 'n werkwoord van die woord *filosofie* (raampie 3) in die volgende sin: Hulle (**filosofeer**) oor die grootte van hulle skoene.
8. Word die woorde ...om te skop teen die skoenproduseerders konnotatief of denotatief gebruik?

**Dit is konnotasie, want dit word figuurlik gebruik. Nie 'n werklike skop nie, maar figuurlik gesproke steun hy nie die skoenproduseerders nie.**

9. Skryf die wisselvorm van die woord *Chinese* (raampie 4) neer. **Sjinese.**
10. Watter visuele kontras in raampie 4 vorm die kern van hierdie strokie? Wat merk jy op hieromtrent wat eie is aan 'n karikatuur?

**Die ongewone / onnatuurlike klein voetjies van die een en die uit verhouding groot voete van die ander. Om te oordryf is 'n kenmerk van 'n karikatuur.**

#### Strokies 2

11. Watter kontras is daar tussen die twee strokies?

**In die eerste strokie is die een seun verbaas en in die tweede strokie is die ander seun weer verbaas.**

12. Die woord *eeue* word in raampie 2 gebruik.
  - 12.1 Hoe lang tydperk is 'n eeu? **100 jaar**
  - 12.2 Hoe lang tydperk is 'n dekade? **10 jaar**
  - 12.3 Hoe lang tydperk is 'n etmaal? **24 uur**
  - 12.4 Hoe lang tydperk is 'n kwartaal? **3 maande**
  - 12.5 Hoe lang tydperk is 'n millennium? **1 000 jaar**
  - 12.6 Hoe lang tydperk is 'n semester? **6 maande**
  - 12.7 Hoe lang tydperk is 'n termyn? **4 maande**

13. Waarom is daar nie dialoog in raampie 3 nie? Motiveer.

**Die stilte sê meer as wat woorde ooit kon sê. Hoe durf hy dit waag om dit vir 'n "tawwe" man met soveel gaatjies in sy gesig te vra?**

14. Die woord *-geskiet* kom in raampie 4 voor. Watter betekenisverandering sou dit ondergaan as dié woord met 'n d aan die einde (geskied) gespel word?

**Geskied beteken gebeur, plaasvind, voorkom.**

15. Die woord *nóg* word in raampie 4 beklemtoon. Watter betekenisverandering sal dit ondergaan as die woord *één* beklemtoon word in die sin?

**Dit dui op die presiese getal: één, nie twee of drie nie.**

Aktiwiteit 17: Studie van die letterkunde – roman

Aktiwiteit 18: My eie T-hemp



Aktiwiteit 19: T-hemp konsternasie  
Leeders skryf 'n ooggetuieverslag.

## Week 7 en 8

# Waar die hart van vol is...

Aktiwiteit 20: Leer hoe om met begrip te lees

## Aktiwiteit 21: Die spel van lippe – 'n lees-, kyk- en geïntegreerde taaloefening

### *Vrae en voorgestelde antwoorde*

1. Leerders bestudeer die visuele uitbeelding noukeurig.
  - 1.1 Wat word met die woorde “Daar is soen en sóén!” bedoel? Verduidelik.

**Dit dui daarop dat daar verskillende soorte soene bestaan. Familie en vriende soen jy liggies op die mond, ander sal jy slegs in gebaar teen die wang soen.**
  - 1.2 Watter soort soen word in die prentjie uitgebeeld?

**'n Hartstogtelike soen**
2. Leerders bestudeer die titel met aandag.
  - 2.1 Waardeur word die titel visueel uitgehef?

**Die titel word visueel uitgehef deur die lettergrootte en die soort lettertipe wat gebruik word.**
  - 2.2 Watter twee klanke word in die woorde van die titel herhaal? Watter effek bewerkstellig dit?

**Die p-klank word herhaal. 'n Mens pers jou lippe saam in die vorming van die p-klank. Dit pas aan by die soen-aksie.**
3. Waarom sou die “stomende jongklomp” dink dat hulle soen uitgevind het?

**Die jongklomp soen beslis die meeste. Dit is deel van jonk wees.**
4. Waarom word die woord *gekus* gebruik by die vroeë Christene en nie die woord *gesoen* nie? Waarom dié woordkeuse?

**Die woord *kus* is 'n meer formele woordkeuse as die woord *soen*. Dit pas dus by die konserwatiewe tydperk waarin die vroeë Christene geleef het.**
5. Watter enkele woord dui daarop dat die bruid en bruidegom nie in alle kerke soen nadat die predikant hulle getroud verklaar het nie?

**Party.**
6. Leerders bestudeer die *Aaaaaaaa ...* aan die einde van paragraaf 2 noukeurig.
  - 6.1 Watter klank word nageboots?

**Die geluid wat die persoon maak as hy sy asem uitblaas**
  - 6.2 Watter gevoel word aan dié uitroep gekoppel?

**Behaaglikheid.**
7. Bestudeer paragraaf 3 met aandag.
  - 7.1 Die woordspeling *vat-soen* is van toepassing. Verduidelik dié woordspeling en dui aan waarom die gebruik van die woord *fatsoen* ironies effektief is.

Die woord *fatsoen* verwys na fatsoenlik wat ironies is omdat dit juis die teendeel is van die “onfatsoenlike” Franse “tongsoen”. Die woord *vat* verwys na die aksie tussen die twee tonge wat eintlik heel “onfatsoenlik” is. Die woordspeling word versterk deurdat “soen” ook in fatsoenlik voorkom.

7.2 Watter woord beskryf die oordadigheid van die soeners?

**Koorsige.**

8. Die sin : “Dis die spel van Gautóng-a-long... maar kom ons hokaai net daar.” (paragraaf 3) is van toepassing.

8.1 Leerders verduidelik die woordspeling en dui aan hoe dié woordspeling onder die leser se aandag gebring word.

**Die woord *Gauteng* is verander in *Gautóng* wat na die “tong” verwys. Die e-klank *Gauteng-a-leng* is verander na ’n o-klank: *Gautóng-a-long* wat dit klankmatig versterk. Die woord *tóng* word beklemtoon om die leser se aandag daarop te vestig.**

8.2 Wat is die funksie van die ellips in dié sin?

**Die gedagte gaan voort en die leser moet self sy gedagtes daarin voeg.**

8.3 Waarom sou die spreker halt roep ná dié stelling?

**Hy het verwag dat dit reaksie sou uitlok.**

9. Waarom kan die vraag in paragraaf 4 nie as ’n suiwer retoriese vraag beskou word nie?

**Die vraag word wel beantwoord.**

10. Waarom word daar so baie verkleinwoordjies in paragraaf 4 gebruik? Watter funksie verrig dit?

**Die inhoud handel oor klein babatjies en daarom is die gebruik van die verkleinwoorde gepas.**

11. “Gaan vertel dit vir die voëls, sal party mense sê. Of dalk is dit nie nodig nie, die voëls doen dit immers lankal op hierdie manier...” (paragraaf 4).

11.1 Word die eerste sin letterlik (denotatief) of figuurlik (konnotatief) bedoel? Leerders verduidelik wat met dié uitdrukking bedoel word.

**Dit word figuurlik bedoel. Dit beteken dat dit ’n stelling is wat niemand sal glo nie – dus ongeloofwaardig.**

11.2 Wat beteken die volgende uitdrukkings?

Elke voël sing soos hy gebek is.

**Elkeen handel volgens sy eie insigte.**

Solank die voël vlieg, kan enigeen skiet.

**Solank die meisie ongetroud is, kan enigeen by haar vlerksleep.**

Soos ’n voël op ’n tak sit.

**Sonder vaste woonplek wees, ’n onbestendige lewe lei.**

12. Waarom is dit geloofwaardig dat *die siel in ’n mens se asem leef* ” (paragraaf 5)? Waarmee word dit gewoonlik vereenselwig?

**’n Mens kan net leef solank hy asemhaal, daarom is dit geloofwaardig om die siel met die mens se asem te vereenselwig.**

13. Wat sê die woord *teorieë* (paragraaf 5) vir jou van die geldigheid van die inhoud?

**'n Teorie is 'n voorstelling van 'n mens se gedagte sonder om rekening te hou met die werklikheid. Dit is nog nie deur navorsing bewys nie en kan dus nie as geldend gesien word nie.**

14. Wat is die verband tussen paragraaf 5 en paragraaf 6?

**Die twee paragrawe staan teenoor mekaar. Paragraaf 5 is positief oor soen, terwyl paragraaf 6 die nadele van soen beskryf.**

15. In paragraaf 6 kom die uitdrukking *die doodstraf op die hals* haal voor.

15.1 Waarom die gebruik van die woord *hals* in dié sin?

**Die uitdrukking beteken om deur jou eie toedoen iets onaangenaams oor jouself te bring. Dit verwys na die galgtou wat om die nek geplaas is tydens die oplê van die doodstraf.**

15.2 Gebruik bostaande om af te lei wat die woord *halsmisdaad* beteken.

**'n Halsmisdaad is 'n misdaad wat met die dood strafbaar is, byvoorbeeld moord, verkragting, hoogverraad. In ons land word die doodstraf egter nie uitgevoer nie.**

## **Aktiwiteit 22: Wat 'n naweek!**

### ***Vrae en voorgestelde antwoorde***

1. Wat kan afgelei word uit die houdings van die twee ouens in raampie 1? Motiveer.

**Hulle lyk bedruk. Hulle glimlag nie. Dit is waarskynlik omdat dit Maandag is.**

2. Leerders bestudeer die gesigsuitdrukkinge (raampie 2.1 tot 2.7) noukeurig. Hulle kies drie gesigsuitdrukkinge en beskryf dié uitdrukkinge elk met een enkele woord. Leerders skryf die raampie se nommer neer en daarnaas die antwoord. Antwoorde moet net goed gemotiveer word. Voorbeeld:

**2.7 Vreugde – hy lag uitbundig.**

**Leerders kies enige drie uitdrukkinge. Hulle kan enige emosie aan die uitdrukkinge koppel, solank dit net goed gemotiveer word. Leerders se interpretasies mag verskil.**

3. Watter afleiding kan jy maak oor sy naweek na aanleiding van die verskillende gesigsuitdrukkinge?

**Hy het baie verskillende goed gedoen en verskillende emosies beleef gedurende die naweek. Hy het 'n besige naweek gehad.**

4. Gee 'n ander woord vir die woord *detail* in raampie 3.

**Besonderhede.**

## **Aktiwiteit 23: My eie spellys**

## Aktiwiteit 24: Woordsoek

### *Memorandum vir woordspeletjie*

1. As iemand jaloers is, sê ons dat hy 'n **geelbaadjie** aan het.
2. 'n Vryerige persoon word só genoem. **Blinkoog**.
3. Voltooi die volgende idioom wat rym: die bruid is in die **skuit** nou is die mooipraatjies uit.
4. As 'n man deur 'n vrou oorheers word, sê ons dat hy onder die **besemstok** staan.
5. Voltooi die volgende idioom: bloed **kruip** waar dit nie kan loop nie.
6. As iemand uitbundig geprys word, word die **loftrompet** oor hom geblaas.
7. As 'n mens baie hegte vriende is, is jy soos Dawid en **Jonatan**.
8. Ons staan by mekaar deur dik en **dun**.
9. Almal weet hoe hy oor 'n saak voel, hy dra sy hart op die **mou**.
10. As 'n mens in die teenoorgestelde geslag begin belangstel, begin jy oor die onderdeur **loer**.
11. Daar is 'n idioom vol lewenswaarheid wat lui: **trou** is nie perdekoop nie.
12. As mens nie oor iets praat nie, laat jy die **sluier** daaroor val.
13. Elke meisie het 'n swakheid. Geen rosie sonder **dorinkie**.
14. As hy 'n ander plan het, het hy nog 'n pyl in die **koker**.
15. Hy tap graag 'n **ui** en hou daarvan as almal daarvoor skater.
16. Hy het vir sy geliefde 'n geskenk vir 'n appel en 'n **ei** gekoop.
17. Hy moet vanmiddag 'n **uiltjie** knip sodat hy vanaand op en wakker kan wees as hy by sy meisie kuier.
18. 'n Verspote persoon word só genoem. **Maltrap**.
19. Voltooi die volgende idioom: woorde wek, maar voorbeelde **trek**.
20. As jy goed doen aan ander sonder om iets daarvoor terug te verwag, gooi jy jou **brood** op die water.

			<sup>10</sup> L						N					
R	E	K	O	<sup>14</sup> K					U				K	
	I	<sup>1</sup> G	E	E	L	<sup>2</sup> B	A	A	<sup>8</sup> D	J	I	<sup>16</sup> E		
	J		R			L					R	I	<sup>6</sup> L	
	T					I		N	A	<sup>19</sup> T	A	N	O	<sup>7</sup> J
	L					N							F	
	I				<sup>3</sup> S	<sup>5</sup> K	U	I	<sup>11</sup> T	R	O	<sup>15</sup> U	T	
	<sup>17</sup> U		<sup>12</sup> S			O	R				<sup>18</sup> M	I	R	
			L			O		U			A		O	
			U	U		G			I		L		M	
			I		O					P	T		P	
		<sup>4</sup> B	E	S	E	<sup>9</sup> M	S	T	O	K	R		E	
	<sup>13</sup> D	O	R	I	N	K	I	E			A		T	
											P			
				D	O	O	R	<sup>20</sup> B						

## Woordspeletjie

Groeplede se name: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_

Voltooi eers die volgende idiome en spoor hulle dan tussen al die letters op. Die woorde is horisontaal, vertikaal en diagonaal weggesteek.

1. As iemand jaloers is, sê ons dat hy 'n \_\_\_\_\_ aan het.
2. 'n Vryerige persoon word só genoem. \_\_\_\_\_.
3. Voltooi die volgende idioom wat rym: die bruid is in die \_\_\_\_\_ nou is die mooipraatjies uit.
4. As 'n man deur 'n vrou oorheers word, sê ons dat hy onder die \_\_\_\_\_ staan.
5. Voltooi die volgende idioom: bloed \_\_\_\_\_ waar dit nie kan loop nie.
6. As iemand uitbundig geprys word, word die \_\_\_\_\_ oor hom geblaas.
7. As 'n mens baie hegte vriende is, is jy soos Dawid en \_\_\_\_\_.
8. Ons staan by mekaar deur dik en \_\_\_\_\_.
9. Almal weet hoe hy oor 'n saak voel, hy dra sy hart op die \_\_\_\_\_.
10. As 'n mens in die teenoorgestelde geslag begin belangstel, begin jy oor die onderdeur \_\_\_\_\_.
11. Daar is 'n idioom vol lewenswaarheid wat lui: \_\_\_\_\_ is nie perdekoop nie.
12. As mens nie oor iets praat nie, laat jy die \_\_\_\_\_ daarvoor val.
13. Elke meisie het 'n swakheid. Geen rosie sonder \_\_\_\_\_.
14. As hy 'n ander plan het, het hy nog 'n pyl in die \_\_\_\_\_.
15. Hy tap graag 'n \_\_\_\_\_ en hou daarvan as almal daarvoor skater.
16. Hy het vir sy geliefde 'n geskenk vir 'n appel en 'n \_\_\_\_\_ gekoop.
17. Hy moet vanmiddag 'n \_\_\_\_\_ knip sodat hy vanaand op en wakker kan wees as hy by sy meisie kuier.
18. 'n Verspote persoon word só genoem. \_\_\_\_\_.
19. Voltooi die volgende idioom: woorde wek, maar voorbeelde \_\_\_\_\_.
20. As jy goed doen aan ander sonder om iets daarvoor terug te verwag, gooi jy jou \_\_\_\_\_ op die water.

A	B	A	L	O	O	D	B	V	N	E	K	L	O	P
R	E	K	O	K	B	E	G	T	U	E	Y	I	K	R
L	I	G	E	E	L	B	A	A	D	J	I	E	E	T
B	J	V	R	A	R	L	E	O	K	Y	R	I	L	B
D	T	U	O	L	R	I	N	N	A	T	A	N	O	J
A	L	G	H	J	O	N	L	S	B	R	K	U	F	L
B	I	R	B	N	S	K	U	I	T	R	O	U	T	U
V	U	H	S	A	H	O	R	E	T	F	M	I	R	O
W	R	E	L	G	I	O	T	U	J	Y	A	T	O	K
G	R	T	U	U	S	G	E	S	I	H	L	J	M	T
S	E	J	I	I	O	M	B	T	D	P	T	U	P	O
B	R	B	E	S	E	M	S	T	O	K	R	Y	E	I
H	D	O	R	I	N	K	I	E	F	R	A	E	T	K
E	G	H	I	B	L	R	S	K	L	E	P	W	B	A
G	O	E	D	D	O	O	R	B	L	O	B	R	O	S



## Aktiwiteit 25: Die vorming van woorde

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarom is Chris Barnard as die *koning van harte* beskou?  
**Hy was die eerste hartchirurg wat 'n suksesvolle hartoorplanting gedoen het. Hy was 'n flambojante man wie se liefdeslewe dikwels onder bespreking was.**
2. Wat word bereik deur die retoriese vraag wat alleen in paragraaf 2 geplaas word?  
**Dit beklemtoon dié vraag wat destyds as onmoontlik beskou is en betrek die leser by die teks.**
3. Leerders skryf neer of die volgende woorde deur middel van samestellings, afleidings of samestellende afleidings gevorm is:
  - 3.1 monumentale (paragraaf 1) **Afleiding.**
  - 3.2 vereenselwig (paragraaf 4) **Samestellende afleiding.**
  - 3.3 hartchirurg (paragraaf 6) **Samestelling.**
4. Leerders skryf die grondwoord(e) waaruit die volgende woorde gevorm is, neer.
  - 4.1 geneeskundiges (paragraaf 1) **Genees en ken.**
  - 4.2 gedenkwaardige (paragraaf 6) **Dink en werd.**
  - 4.3 sterwende (paragraaf 6) **Sterf.**
5. Die woord *oorsprong* (*oor* plus *spring*) (paragraaf 3) is deur middel van klinkerwisseling (metamorfeme) gevorm. Leerders gebruik klinkerwisseling en vorm die korrekte vorm van die woord tussen hakies:
  - 5.1 Die (**geskonde**) liggaam is later begrawe.
  - 5.2 Die (**ononderbroke**) operasie het 12 ure geduur.
  - 5.3 Die (**bewoë**) vroujie was bly dat haar man se lewe gered is.
6. Leerders skryf neer of die volgende woorde 'n simpleks of 'n kompleks is:
  - 6.1 sofistikasie (paragraaf 5) **Kompleks.**
  - 6.2 meisie (paragraaf 6). **Simpleks.**
7. Watter deel van die woord *dagbreek* (paragraaf 6) vorm die bepaler en watter die kern van dié woord?  
**Bepaler = breek; kern = dag.**
8. Morfeme (voegsels) dra ook betekenis. Leerders bepaal die betekenis van die vetgedrukte morfeme:
  - 8.1 sepie-**agtige** (paragraaf 1) **Soos.**
  - 8.2 flambojantheid (paragraaf 8) **Dui besit van die besondere eienskap aan.**
  - 8.3 **onbetwisbaar** (paragraaf 8) **Nie.**
9. Die woord *verongelukte* (paragraaf 6) het betrekking.
  - 9.1 Leerders skryf die morfeme en die basis van dié woord neer.  
**Voorvoegsels = ver- en -on-; Agtervoegsel = -te; Basis = geluk.**
  - 9.2 Watter betekenis kan aan die voorvoegsel *ver-* geheg word?  
**Tot die uiterste of tot die dood.**

9.3 Leerders verduidelik en korrigeer die woordoortoligheid in die volgende sin: Die jong meisie wie se hart gebruik is, het dood verongeluk.

**Die woord *dood* moet uitgelaat word. As sy verongeluk het, is sy dood.**

10. Leerders gebruik die kern van die woord *hartedief* (paragraaf 4) as 'n bepaler in 'n samestelling.

**Enige woord met *dief* as bepaler: diefwering, diefstal, ensovoorts.**

11. Leerders gee die korrekte vorm van die woord *getuig* (paragraaf 4) in die volgende sin: Dit was verdoemende (**getuienis**) teen die hartebreker.

12. Leerders gee twee meervoude vir die woord *sentrum* (paragraaf 3). **Sentrums en sentra.**

13. Leerders gee 'n sinoniem vir die woord *chirurg* (paragraaf 1).

**Snydokter.**

14. Die woord *leier* word in paragraaf 6 gebruik. Leerders gebruik nou die woord *lyer* in 'n goeie sin.

**Die man wat die nuwe hart ontvang het, is ook 'n asmalyer.**

15. Leerders skryf die betekenis van die volgende woorde neer:

15.1 eksentrisiteit (paragraaf 8) **Sonderlinge, eienaardige karaktertrekke.**

15.2 genie (paragraaf 8) **'n Intellektueel begaafde (slim) persoon.**

16. Leerders gee die verkleining van die woord *koning* in die titel.

**Koninkie.**

Aktiwiteit 26: Studie van die letterkunde – gedigte

Aktiwiteit 27: Skryf van 'n toespraak

Aktiwiteit 28: Lewer 'n toespraak

## Week 9 en 10

# Die liefde in sy vele vorme

Aktiwiteit 29: Voortsetting van toesprake

## Aktiwiteit 30: Skryf 'n opsomming

### *Voorgestelde antwoorde*

Die kernwoorde van die ses wyskede:

1. Geluk
2. Vrede
3. Lag
4. Omgee
5. Beheersing
6. Rusdag

Omskrywing van elke kernwoord in 'n volsin van nie meer as 15 woorde nie:

1. Bêre gelukkige oomblikke in jou gemoed om die hartseerdinge te verdryf. (11 woorde)  
XXXX
2. Onopgeloste rusies versteur die vrede, maak dus vrede voor die dag om is. (13 woorde)  
XXXX
3. Glimlag meer, want dit is goed vir jou en die mense om jou. (13 woorde)  
XXXX
4. Vergeet van jouself, gee vir ander om en jy sal betekenisvolle geluk smaak. (13 woorde)  
XXXX
5. Reageer met redelikheid en beteuel jou humeur deur tot tien te tel. (12 woorde)  
XXXX
6. 'n Rusdag is nodig om weer jou kragte te herwin. (10 woorde)

Leerdere maak 'n opsomming deur die hoofgedagtes in 'n **paragraaf** saam te voeg:

**Bêre gelukkige oomblikke in jou gemoed om die hartseerdinge uit die verlede te verdryf. Onopgeloste rusies versteur die vrede, maak dus vrede voor die dag om is. Glimlag meer, want dit is baie goed vir jou en die mense om jou. Vergeet van jouself, gee vir ander om en jy sal betekenisvolle geluk smaak. Reageer met redelikheid en beteuel jou humeur deur tot tien te tel. 'n Mens moet tot rus kom daarom is 'n rusdag nodig om jou kragte te herwin.**

Aantal woorde gebruik: 82 woorde.

Aktiwiteit 31: Studie van die letterkunde – roman

Aktiwiteit 32: Dialoog

## Aktiwiteit 33: Om jou hormone se back flips in jou lyf te voel...

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. In die eerste paragraaf gebruik die spreker 'n metafoer om haarself te beskryf. Leerders verduidelik dié metafoer en skryf neer waarom dit gepas is. (2)  
**Sy beskryf haar lyf as 'n jellievis. (1) Sy is siek en haar lyf is seer en wil nie op die stoel sit nie. Dit is gepas om haar lyf (wat net wil omval) met 'n "skeletlose" jellievis te vergelyk. (1) (2)**
2. Leerders haal 'n klanknabootsende woord uit paragraaf 1 aan en verduidelik watter klank nageboots word. (2)  
**Die woord "blopsend" boots die klank van die jellievis wat op die vloer val, na. (2)**
3. Wat word deur die kort sinslengtes in paragraaf 2 bewerkstellig? (1)  
**Dit ondersteun die feit dat sy nie aan die gang kan kom met haar skryfwerk nie. (1)**
4. Watter beroep beoefen die spreker? Waaruit word hierdie afleiding gemaak? (2)  
**Sy is 'n rubriekskrywer. (1) Daar is 'n sperdatum, daarom moet die "stuk (moet) vanaand nog geskryf word." (paragraaf 2) (1) (2)**
5. Hoe word die spreker se slegvoel in paragraaf 3 uitgehef? Noem twee middele wat aangewend word. (2)  
**Die uitgerekte "naaaaar" (1) en die gebruik van die gekoppelde bepaling "regte-egte-ek-wens-ek-was-dood-naar" (1). (2)**
6. Waarom die gebruik van die aanhalingstekens in paragraaf 3? (1)  
**Dit was die opdrag wat sy gekry het. Sy moet oor "die liefde" skryf. (1)**
7. Wat is die funksie van die polisindeton (voegwoordherhaling) in paragraaf 3? (1)  
**Die herhaling van die "en" dui op die uitgebreidheid waaraan sy alles in verband met die liefde moet dink. (1)**
8. Haal 'n voorbeeld van 'n tussenwerpsel in paragraaf 3 aan en skryf die gevoel wat daardeur te kenne gegee word, neer. (2)  
**"Ugh". (1) Dit gee pyn weer. (1) (2)**
9. Watter woord wat in paragraaf 3 herhaal word, beeld haar onsekerheid uit? (1)  
**Die woord *dalk*. (1)**
10. Leerders bestudeer die einde van paragraaf 3 en die begin van paragraaf 4 noukeurig. Bestudeer die woorde *warrelvreugdes* en *warrelgedagtes* noukeurig.
  - 10.1 Wat word deur die gebruik van dié twee woorde beklemtoon? (1)  
**Die kontras tussen die twee paragrawe word hierdeur beklemtoon. (1)**
  - 10.2 Watter suggestie word deur die woord *warrel* geskep? Verduidelik. (1)  
**Haar vreugdes en gedagtes voel deurmekaar soos 'n warrelwind. (1)**
11. Waarmee vergelyk die spreker haar siekte en tot watter slotsom kom sy? (2)  
**Sy vergelyk haar siekte met 'n seerkryhart. Sy kom tot die slotsom dat om oor seerkry te skryf 'n eerliker manier van dink oor die liefde is. (2)**
12. Waarom word daar van "Oktoberliefde" gepraat? (1)  
**Oktober is lente en lentebloeisels is gewoonlik simbool van die liefde. (1)**

13. Leerders bestudeer paragraaf 6 met aandag. Daar is 'n ongewone gebruik van die werkwoord. Wat word daardeur bewerkstellig? Verduidelik. (2)
- Die byvoeglike naamwoord *wulps* word hier as 'n werkwoord gebruik om die verleidelike aksie te beklemtoon.** (2)
14. “Maar ons vergeet so maklik die *vlymskerpkant* van seermaak-liefde.” (paragraaf 6).
- 14.1 Waarmee word *vlymskerpkant* gewoonlik geassosieer? Waarom is die gebruik hier gepas? (2)
- Dit word gewoonlik met 'n mes of swaard geassosieer. Die gebruik hier is gepas, want 'n seer hart voel gewoonlik of dit met 'n mes “uitgesny” is of met swaard deurboor is.** (2)
- 14.2 Watter suggestie is daar verskuil in die woord “uitklophoue”? (1)
- 'n Liefdesteleurstelling voel gewoonlik soos 'n uitklophou – asof dit jou heeltmal van jou voete af slaan.** (1)
15. Hoe word dit uitgehef dat die vriende (pêlle) almal in verhoudings is? (1)
- Agterplasing van die woord *twee-twee*.** (1)
16. Gee 'n Afrikaans idioom vir *odd one out*. (1)
- Jy is 'n derde wiel aan die wa.** (1)
17. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as...
- 17.1 onafwendbaar (1)
- noodwendig** (1)
- 17.2 ontgogel, ru teleurstel (1)
- ontnugter** (1)
- 17.3 verset (1)
- protesteer** (1)
- 17.4 om te besiel, skeppende vermoë (1)
- inspirerend** (1)
- [30]

Aktiwiteit 34: Toets